basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE TONEELTEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.

2. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor die begin van die eksamen.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A (30 punte)
   AFDELING B (60 punte)
   AFDELING C (60 punte)

4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:

   VRAAG 1: Epiese Teater
   (*Kaukasiese Krytsirkel, Moeder Courage* of *Kanna Hy Kô Hystoe*)
   VRAAG 2: Teater van die Absurde
   (*Afspraak met Godot*, *Die Kaalkop Prima Donna* of *Bagasie*)

   Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING A.

5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae:

   - VRAAG 3 (*Boesman en Lena*)
   - VRAAG 4 (*uNosilimela*)
   - VRAAG 5 (*Woza Albert!*)
   - VRAAG 6 (*Sophiatown*)
   - VRAAG 7 (*Nothing but the Truth*)
   - VRAAG 8 (*Groundswell*)
   - VRAAG 9 (*Siener in die Suburbs*)
   - VRAAG 10 (*Mis*)

   Beantwoord slegs TWEE vrae uit AFDELING B.

6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae. VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND. Beantwoord by VRAAG 13 enige EEN van die drie vrae, VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Gee aandag aan die getal punte wat aan elke vraag toegeken is.

9. Gebruik jou klaskamerkennis, asook onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord ÓF VRAAG 1: EPIESE TEATER ÓF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.

### VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* OF *Moeder Courage* OF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

> Brecht se oogmerk was om 'n teaterervaring te skep wat vermaak het, opgevoed het en denke uitgedaag het.
>
> [Dr. J McDonald]

Verwys na die aanhaling hierbo en skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe die epiese toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het, vermaak het, opvoedkundige waarde gehad het en denke uitgedaag het. Sluit in jou antwoord 'n bespreking van die historiese konteks (oorsprong) van Epiese Teater, Verfremdungseffekt (vervreemding), plot, styl en karakterisering in om jou bespreking te ondersteun. **[30]**

**OF**

### VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* OF *Die Kaalkop Prima Donna* OF *Bagasie* bestudeer het.

> Absurde toneelstukke het die belaglikheid van die menslike lewe uitgebeeld deur van verbrokkelde dialoog, onlogiese of amper nie-bestaande plotte (storielyne), en statiese karakters met geen historiese agtergrond nie, gebruik te maak.

Verwys na die stelling hierbo en skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe dialoog, plot (storielyn) en karakter die absurde styl van die toneelstuk wat jy bestudeer het, ontwikkel. Verwys in jou antwoord na spesifieke voorbeelde uit die absurde toneelstuk wat jy vanjaar bestudeer het. **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling wat van toepassing is op die tekste wat jy bestudeer het.

### VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

**BRON A**



3.1 BRON A is 'n foto uit 'n filmproduksie van *Boesman en Lena*.

3.1.1 Verduidelik hoe toepaslik die fisiese verhoogplasing, kostuums en rekwisiete is wat in BRON A vir 'n produksie van *Boesman en Lena* getoon word. (6)

3.1.2 Is die foto (BRON A) 'n akkurate voorstelling van die verhouding tussen Boesman en Lena? Regverdig jou antwoord deur na die toneelteks te verwys. (5)

**BRON B**

| | |
|---|---|
| BOESMAN: | Ja! Jy! Daai dag sal aankom wat jy vir my vra: en ekke, Boesman, wie is ekke? *(Hy lag)* |
| LENA: | Ja, weer 'n lekker lag vir jou daai dag. |
| BOESMAN: | Numba one, die lekkerste! '*Ek sê, ou pellie, en wie's ekke?*' *(Lag meer)* |
| LENA: | *(Probeer haar naam)* Lena … Lena … |
| BOESMAN: | Wat van Rosy? Daai's 'n nice naam, Rosy. Maria … Anna ... hoe like jy vir Sannie! Sannie wie? Sommer Sannie Somebody. |
| LENA: | Nei! |
| BOESMAN: | *(Wil weer lag)* Ek sê … wie's jy? |
| LENA: | Maria. Maria wil ek wees. Wie's jy?<br>*(Die lag sterf op Boesman se lippe.)*<br>Ja, ék vra! Jy! Die man, wie's hy? En die dag wat ek vra … dan's ek weg! 'Strue's hope, daai dag is ek weg … goodbye darling, daai's vir my te veel. |

3.2 In BRON B sê Lena dat sy Maria genoem wil wees (reël 10). Verduidelik hoe Lena se soeke na betekenis in haar lewe daardeur beklemtoon word. (4)

3.3 In reël 9 vra Lena vir Boesman 'Wie's jy?' Dit veroorsaak dat die '*lag sterf op Boesman se lippe'* (reël 11). Verduidelik hoe jy die regie van hierdie moment op die verhoog sal doen om die gehoor se aandag op Boesman se reaksie te vestig. (4)

3.4 Verduidelik hoe die gebruik van Engelse woorde, soos 'Numba one' (reël 4), 'Daai's 'n nice naam, Rosy … ' (reël 6) en 'goodbye darling, daai's vir my te veel' (reël 13 en 14) die toneelstuk verryk. (3)

3.5

> Boesman – selfhaat en skande, gefokus op Lena, wat op die ou end sy lewe is ... tasbaar (fisies) en naby genoeg om geslaan, bespot en, die ergste van alles, benodig te word.
>
> ['n Uittreksel uit Athol Fugard se dagboek]

Verduidelik hoe Boesman vir Lena behandel na aanleiding van Fugard se stelling hierbo. (8)

**[30]**

## VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA

Lees die uittreksel uit *uNosilimela* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*Unable to control herself, uNosilimela lashes out at uNamdozolwana. As fate would have it, she strikes the older woman an open-handed blow with the back of her hand. uNamdozolwana wilts not so much with pain as with soul-deep shame and humiliation.*

*Idlozi, ancestral spirit, appears on the platform beyond iShashalazi.*

IDLOZI: Sengiyakhuphuka, ngiyalwa! Mihlola mini le?
[I arise, outraged. What hideous act is this?]
*The Earth Mother, uNamkhubulwana herself, appears on a platform above the cave.*

uNAMKHUBULWANA: The hand that strikes the mother is cursed throughout the land! Expel that child from your household. She must wander and suffer, never settle, be driven like a leaf before the wind. Expel her or I shall desert you! The cattle will die, the crops be burnt by the sun. Sengikhulumile [I have spoken].

*She rises to her full height and turns her back on uNosilimela and amaQhashi.*

IDLOZI: Nizwile? [Do you understand?]

*Magadlemzini bows his head and beckons to uNosilimela to follow him into iShashalazi while sadly this song is sung:*

| | |
|---|---|
| Uyoshis' izwe lonke | [You will burn up all the land] |
| We ngan' eshay' unina | [O child that strikes her mother] |
| Amadloz' azothini? | [What will the spirits say?] |
| We ngan' eshay' unina | [O child that strikes her mother] |

MAGADLEMZINI: My child, the ancient law of your father says that if a child strikes its parent that child shall be exiled from its people for fifteen years.

4.1 'The hand that strikes the mother is cursed throughout the land!' (Reël 12)

4.1.1 Noem TWEE gevolge van uNosilimela se daad (om haar ma te slaan). (2)

4.1.2 Wat is die simboliek van uNamkhubulwana (die Aardmoeder) wat haar rug op uNosilimela en amaQhashi draai (reël 17)? (2)

4.2 Hoe moet die aktrise wat uNamkhubulwana (die Aardmoeder) speel, reël 12–16 vertolk om 'n kragtige, goddelike karakter op die verhoog te skep? (6)

4.3 Beskryf hoe jy Magadlemzini en uNosilimela fisies sal laat reageer gedurende uNamkhubulwana se verskyning en spraak in reël 10–18. Verduidelik waarom hulle reaksies pas by die rol/funksie van die twee karakters. (6)

4.4 Vergelyk die funksie van die iDlozi met dié van die koor in Griekse Teater. Verwys in jou antwoord na die uittreksel en ander voorbeelde uit die toneelstuk. (6)

4.5 Credo Mutwa het hierdie toneelstuk in die vroeë 1970's geskryf. Bespreek of hierdie toneelstuk steeds relevant is vir leerders van Dramatiese Kunste in 2011. (8)
**[30]**

**VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Lees die uittreksel uit *Woza Albert!* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*Lights reduce to spot-light the boxes. Actors turn their hat brims up. Mbongeni spins his hand above his head. Helicopter sounds. They are in a helicopter, looking down.*

PERCY: (*Mimes radio*): Radio 1254 CB receiving, over. What? That's impossible! Are you sure? Okay, over and out. Hey, what do you see down below?

MBONGENI: (*Mimes binoculars):* Oh, it's a beautiful day down below. Birds are flying, swimmers are swimming, waves are waving. Hey! Morena's walking on water to Cape Town! Ag shame! His feet must be freezing! Hey, I wish I had my camera here!

PERCY: This must be the miracle of the decade!

MBONGENI: Ag, I always forget my camera!

PERCY: Down! Down! Radio 1254 CB receiving, over. Yes, we've got him. Yeah, what? Torpedo? Oh, no, have a heart! He's not even disturbing the waves! Ja, I wish you could see him, he looks amazing!

MBONGENI: (*Nodding frenetically into mike*): Ja jong, ja! [Yes man, yes!]

PERCY: What? Bomb Morena? Haven't you heard what they say? You start with Morena and it's worse than an atom bomb! Over and out! Hey, this is a shit bladdy job! You pull the chain ...

MBONGENI: No, come on, come on. Fair deal! Eenie, meenie, minie, moe. Vang a kaffir by the toe. As hy skrik, let him go. Eenie, meenie, minie, moe! It's you!

PERCY: Okay, this is the last straw! I think I am resigning tomorrow!

MBONGENI: Ready ... target centre below ... release depth charges ... bombs ... torpedoes ... go!

*They watch: the bombs fall. A moment of silence and then a terrible explosion. They separate, come together, detonating each other. Light reduces to stark overhead shaft.*

BOTH: Momeeeee! Aunti-i-ieee! He-e-e-l-l-p!

*Blackout*

5.1 Beskryf die bruikbaarheid van die bokse (reël 1) as verhoogitems in die toneelstuk. (3)

5.2 Verduidelik hoe jy twee akteurs sal lei om die voorstelling van die helikopter fisies en met stemwerk in die uittreksel te skep en vol te hou. (5)

5.3 Waarom was dit vir die akteurs nodig om in die opvoering mimiek (die radio en die verkyker) te gebruik? (2)

5.4 Bespreek waarom die skeppers van *Woza Albert!* in hierdie uittreksel van komedie gebruik maak, as die onderwerp van die toneelstuk ernstig is. (6)

5.5 Behoort woorde soos 'kaffir' (reël 21) steeds in toneelstukke gebruik te word, selfs in post-1994? Motiveer jou antwoord. (4)

5.6 Bespreek hoe die voorbereiding en opvoering van *Woza Albert!* getoon het dat die skeppers daarvan sterk beïnvloed is deur die tegnieke van Grotowski se Arm/Gestroopte Teater ('Poor Theatre'). (10)

**[30]**

## VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP

Lees die uittreksel uit *Sophiatown* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| MINGUS: | Hey Fahfee – we're busy – Jake's writing me a masterpiece. |
| FAHFEE: | Words again, Mr Jakes? |
| JAKES: | A love letter, Fahfee. |
| FAHFEE: | A love letter! Let me see – love ... That's number 35 – Katpan. Or 36 – Nonkwayi. Male and female anatomicals – 35 or 36 it is! |
| JAKES: | Love! It's just quarrels all the way. |
| FAHFEE: | Quarrels – number 5 – the Tiger. |
| MINGUS: | Ag man, Jakes, what do you know of love? Waar's jou ousie? |
| JAKES: | Ek het nie. |
| MINGUS: | Daar's die main trouble, man. |
| FAHFEE: | So what's the love letter? |
| MINGUS: | Read it Jakes, read it! Fahfee here is the man with an ear for numbers. Tell me this is not my number! |
| JAKES: | It's not finished. |
| MINGUS: | (*Threatening*) Read it out, Jakes. |
| JAKES: | Okay. 65 Gerty Street, Sophiatown, Johannesburg. 21st November 1954. My dear darling Princess. I saw you at the funeral and I think you're smashing. I only go for the best. Winthrops, Bostonians, Simpsons, Borsalinos, and you. I'm the best dresser in town. American straights. I'm a smart guy and I don't get messed around. Be here at six o'clock tonight. I'm an honest gangster. I only go for the town center – I don't touch Sophia. I fought in the war, in planes and tankers and I love the Odin Cinema. Balansky's is not for me – too much shouting. |

6.1 Vir wie is die liefdesbrief (reël 3) bedoel? (1)

6.2 Gee TWEE redes waarom Mingus vir Jakes gevra het om die brief vir hom te skryf. (2)

6.3 Waarom is die stelling 'Fahfee here is the man with an ear for numbers' (reël 12) 'n paslike beskrywing van mnr. Fahfee? Verwys in jou antwoord na mnr. Fahfee se funksie in die toneelstuk. Jy mag die uittreksel en ander voorbeelde uit die toneelstuk gebruik om jou antwoord te ondersteun. (5)

6.4 Beskryf hoe jy die akteur wat Jakes speel, sou lei om reël 16–23 op te voer sodat dit vir die gehoor duidelik is dat hy die brief lees wat hy vir Mingus geskryf het. (4)

6.5 Geen woorde word vir Mingus gegee terwyl Jakes praat nie (reël 16–23). Verduidelik hoe jy die fisiese reaksies van die akteur wat Mingus speel, sal lei om sy gedagtes en gevoelens te wys terwyl Jakes lees. (4)

6.6 Bespreek die verskillende sienswyses wat Jakes en Mingus ten opsigte van die liefde en verhoudings het. Verduidelik in jou antwoord hoe dit in die toneelstuk gewys word. (6)

6.7 Mingus glo hy is 'n eerlike bendelid ('an honest gangster') (reël 21). Bespreek die rol van die bendes in die toneelstuk *Sophiatown* en in die plek Sophiatown. (8)
**[30]**

## VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Lees die uittreksel uit *Nothing but the Truth* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| SIPHO: | By this time Themba had finished high school. My father somehow found the money to send Themba to Fort Hare University. I was very happy for him but I was also sad and angry. I did not understand where my father got the money now. I found out later that my father cashed in his Old Mutual Life Insurance policy. Took the money and sent Themba to university to study for a B.Comm.<br>My father could only pay for boarding and tuition. I paid for everything else. His clothes – and he only wore the best. His food and pocket money. The course was three years. He took five wonderful years. The best holiday Themba ever had, at my expense.<br>My mother died before Themba graduated. I cried. She was the only one who ever said to me she loved me. My father openly favoured Themba and it hurt. Themba graduated a year later and never got a job. All that university education for nothing. All wasted on Themba and he never cared. Both my father and I continued to support him.<br>*(He goes to the kitchen, grabs the whisky bottle and tries to open it.)* |
| MANDISA: | *(Following)* This is ridiculous. |
| THANDO: | *(Grabbing the bottle from him)* Why did you continue to support him? |
| MANDISA: | I don't believe a word of it. My father told us he graduated at the top of his class. Are you telling me that my father was useless, never took care of his family? That's a lie! I refuse to listen to anymore of this drunken drivel. |

7.1 Bespreek hoe die woorde 'I was very happy for him but I was also sad and angry' (reël 2–3) tipies is van die verhouding tussen Sipho en Themba. (4)

7.2 Beskryf hoe jy in 'n opvoering die karakter van Sipho (reël 1–16) realisties sou skep deur middel van fisiese en vokale vertolking. (8)

7.3 Verduidelik hoe die stel en stelinkleding van *Nothing But The Truth* dit vir Sipho moontlik maak om na die kombuis toe te kan gaan (reël 16). (3)

7.4 Waarom is Thando se aksie wanneer sy die bottel uit haar pa se hande gryp (reël 18) buite haar karakter? (3)

7.5 Mandisa is ontsteld in reël 19–21. Beskryf die toonhoogte en stemtoon wat sy sal gebruik wanneer sy hierdie woorde vertolk. (2)

7.6

> Ons vier die helde van die struggle, maar ons vier nie die gewone heldemoed van die mense wat agtergebly het nie.
>
> [Nadine Gordimer]

Bespreek die waarheid van die stelling hierbo deur Sipho se pynlike reis na konfrontasie met sy eie ervaringe in ag te neem. (10)

**[30]**


MPUMALANGA

**VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Lees die uittreksel uit *Groundswell* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

JOHAN: The first diamond ever found here was picked up off the beach. The *ou* thought it was a funny piece of glass, and showed it to somebody who happened to know something … and there you go.

THAMI: If it was me, I think I maybe would have kicked it back into the sea. Imagine that – no De Beers, no Alexcor.

JOHAN: Just the desert.

SMITH: And the flowers, and, of course, the *malmokkie*.

JOHAN: And Thami's history would've been different too. Tell Smith about your father, Thami.

SMITH: Oh yes?

JOHAN: His father came to this part of the world in the nineteen eighties to work on one of the mines down the coast, and then he disappeared.

SMITH: Do you mean in the mine?

JOHAN: Who knows? Thami came … what … three years ago; to see if there was any way of finding out what happened.

SMITH: And did you find anything?

THAMI: *(Shakes his head)* It was too long ago. Nobody here knows anything.

SMITH: But you stayed?

JOHAN: Because he got wind that there are fortunes to be made here. Not so, Thami?

THAMI: Because I was able to find employment.

JOHAN: Hoping to find a fortune is what brings everybody to this *gamadoelas*.

SMITH: And that's what you're doing here, of course? Hoping to find your fortune.

THAMI: It's called a jackpot. The divers are paid a hundred rands per carat of diamonds they find in the stones they pump out of the sea. Think of how much it would be if they pumped a thousand carats, or two.

SMITH: Like you say – a jackpot!

8.1 Thami en Johan se soektog na diamante is die kern van die toneelstuk. Wat hoop elkeen van hulle om uit hierdie soektog te kry? (4)


MPUMALANGA

8.2 Verduidelik hoe die gebruik van omgangstaal en spreektaaluitdrukkings in woorde, soos '*ou*' (reël 1), '*malmokkie*' (reël 7) en '*gamadoelas*' (reël 22), tot die toneelstuk bydra. (3)

8.3 Beskryf waar jy elk van die drie akteurs sou plaas wanneer Johan namens Thami in reël 8–15 praat en stel voor hoe dit die motivering van die karakters aandui. (5)

8.4 Waarom gee Johan en Thami verskillende redes daarvoor dat Thami gebly het (reël 19–22)? (4)

8.5 Beskryf die verskille in pas en toonhoogte wat Johan en Thami in reël 19–22 gebruik. Motiveer jou antwoord. (6)

8.6

> Die kernargument gaan oor waarop jy geregtig is – wie skuld wat en vir wie?
>
> [BK Thorp]

Bespreek die geldigheid (waarheid) van hierdie stelling met verwysing na die gesindhede en gedrag van die drie karakters in *Groundswell*. (8)

**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Lees die uittreksel uit *Siener in die Suburbs* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| JAKES: | Tjokkie, my ou, ek praat met jou. *(Geen reaksie)*<br>*(Vir Giel)* My ou man, hoeveel jare sien jy my nou al so? |
| GIEL: | Is al 'n paar. |
| JAKES: | Nou in daardie 'span', het jy al gesien dat Jakesey 'n man 'n ding vra. Ek meen mooi en straight, 'n ding soos 'Kom rook 'n stukkie pot'. |
| GIEL: | Nee, jy't orraait gevra, ou Jakesey. |
| JAKES: | ... dat ek die ou ook nie gepress het toe ek vra nie. Straight en netjies het ek hom gevra. Raait? |
| GIEL: | Raait. |
| JAKES: | En die dik ding sê 'n man niks terug nie. Soos nou, 'Sorry, my ou, nie vir my nie,' of 'Gee vir ons 'n stukkie dwelm,' of so ... |
| GIEL: | Hy't niks vir ons oor nie. Dit kos hom niks nie, ennieway. |
| JAKES: | Nou as jy my nou so ken, my oue van dae ... Hoeveel van die goed vat op Jakes? Maar ek sal square-speel met die lat. *(Harder)* Tjokkie, my ou, 'n stukkie pot vir jou?<br>*(Geen reaksie)* |
| JAKES: | *(Vir Giel)* Jy wil 'n dingetjie weet. Raait. Ek wil 'n dingetjie weet. Raait. |
| GIEL: | Dit kos hom niks. |
| JAKES: | Koste of nie koste nie. Hy weet nie wat Jakes met die hardegatte maak nie. |

9.1 Hoekom wil Jakes vir Tjokkie 'pot' (dagga) gee (reël 14–15)? (2)

9.2 Jakes sê aan Giel: 'Jy wil 'n dingetjie weet. Raait. Ek wil 'n dingetjie weet. Raait' (reël 17). Wat wil Jakes en Giel weet? (3)

9.3 Jy is die regisseur van *Siener in die Suburbs.* Verduidelik hoe jy die akteur wat die rol van Jakes speel, sal help om die motivering agter die fisiese en vokale vertolking van sy karakter te begryp. (8)

9.4 Beskryf 'n kostuum wat geskik sou wees vir die karakter van Jakes in die toneelstuk. Motiveer jou keuse. (4)

9.5 Lees die volgende uittreksel uit die toneelstuk:

| | |
|---|---|
| MA: | *(Kyk na die doek in haar hande)* Daar's bloed aan ... daar's altyd net bloed aan ... |

9.5.1 Uit watter deel van *Siener in die Suburbs* kom hierdie aanhaling? (1)

9.5.2 Beskryf die doek wat Ma in haar hande vashou. (2)

9.5.3 Bespreek hoe die klimaks van *Siener in die Suburbs* van Ma 'n tragiese figuur maak. Verwys in jou antwoord na beide die klimaks en die handeling aan die einde van die toneelstuk. (10)

**[30]**

**VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Lees die uittreksel uit *Mis* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | *(Stop voor Meisie. Snuif soos voorheen)* Jong meisie. Ongetroud. |
| GERTIE: | *(Sag aan Miem)* Ongelooflik. Maar Konstabel, ek moet u gelukwens. Dit was voortreflik! |
| MIEM: | Sê vir my Konstabel, hoe weet u dit? |
| KONSTABEL: | Heel eenvoudig. Elke reuk is anders. Ouerige dames gee … 'n sekere … *(Snuif in Miem se rigting)* 'n sekere reuk af. Maar 'n ongetroude dame … *(Snuif in Gertie se rigting. Gertie giggel en deins terug) …* se reuk is skerper. Effens … suurder. Byna soos dikmelk. |
| GERTIE: | *(Ontsteld)* O! |
| KONSTABEL: | Nou ja … *(Voel-voel met sy stok en beweeg nader aan Meisie terwyl hy liggies snuif) …* 'n jong dame gee 'n baie spesiale geur af. *(By Meisie. Ruik diep asof hy aan 'n blom ruik. Meisie word skaam en laat haar kop sak.)* *(Behaaglik)* Die geur … van 'n jong dame. |

10.1 Konstabel se aankoms het 'n groot impak op al die vrouekarakters in *Mis.* Verduidelik Konstabel se impak op:

10.1.1 Gertie

10.1.2 Miem (2 x 4) (8)

10.2 Konstabel ruik aan Meisie asof hy aan 'n blom ruik (reël 14). Bespreek die simboliese betekenis van blomme in die drama. (4)

10.3 Beskryf hoe jy die karakter van Konstabel in reël 5–15 fisies sou skep om aan die gehoor te wys dat hy blind is. (6)

10.4 Bespreek die betekenis daarvan dat die toneelstuk op die laaste aand in Augustus afspeel. (2)

10.5

| |
|---|
| Meisie se bevryding lê in die buiteruimte van *Mis*.<br>[Cornelia du Preez] |

Bespreek die geldigheid (waarheid) van hierdie aanhaling. Verwys in jou antwoord na die gebruik van binneruimte en buiteruimte in die toneelstuk. (10)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

## AFDELING C: PAS PERSOONLIKE HULPBRONNE TOE EN BESIN EN EVALUEER

AFDELING C is VERPLIGTEND.

### VRAAG 11

Lees die vrye vertaling van 'n uittreksel uit die toneelstuk *Flight from the Mahabarath* deur Muthal Naidoo hieronder en beantwoord die vrae wat volg. Sananu is 'n koning. Ganga is die vrou op wie hy verlief geraak het.

| | |
|---|---|
| BRIHANNALA: | Hierdie is die storie van Ganga, 'n baie mooi vrou, wat Koning Sananu ontmoet op die oewer van die Gangesrivier. Hulle raak passievol dolverlief op mekaar. |
| SANANU: | Jy is die mooiste vrou wat ek nog ooit ontmoet het. Ek kan nie sonder jou lewe nie. Word asseblief my vrou. |
| GANGA: | Ek is vir jou ook lief, maar ek kan nie met jou trou nie. |
| SANANU: | Hoekom nie? Is jy dan reeds getroud? |
| GANGA: | Nee, ek wil net nie die verantwoordelikhede van die huwelik hê nie. |
| SANANU: | Hoe kan jy so iets sê? As jy vir my lief is, sal jy met my trou. |
| GANGA: | Kan ons nie net minnaars wees nie? |
| SANANU: | So iets sal nooit deur my mense aanvaar word nie. |
| GANGA: | Dan moet ons van mekaar vergeet. |
| SANANU: | Ek kan jou nie opgee nie. |
| GANGA: | Ek is lief vir jou en ek is bereid om by jou te woon, maar ek sal nooit met jou trou nie. |
| SANANU: | Maar ons kinders sal verstotelinge wees. |
| GANGA: | Kinders? Ek gaan nie kinders hê nie. |
| SANANU: | Wil jy nie kinders hê nie? |
| GANGA: | Nee. |
| SANANU: | Maar dit is onnatuurlik. |
| GANGA: | Hoekom? |
| SANANU: | Jy is 'n vrou. Dit is jou funksie. |
| GANGA: | Nee, tensy ek dit so verkies. |

11.1 Wat is die funksie van die Brihannala-karakter in die toneel op die vorige bladsy? (1)

11.2 Die verhoogaanwysings beskryf nie hoe hierdie toneel opgevoer behoort te word nie.

11.2.1 Sal jy hierdie toneel as 'n komedie of as 'n ernstige opvoering aanbied? (1)

11.2.2 Regverdig jou keuse van komedie of ernstige opvoering in VRAAG 11.2.1 deur die woorde en die onderwerpmateriaal van die toneel te bespreek. (3)

11.3 Hoe sal jy die vokale vertolking van die akteur wat Sananu speel, lei om deur middel van variasie in stemtoon en pas sy veranderende reaksie op Ganga se stellings aan die gehoor oor te dra? (6)

11.4 Sananu en Ganga is alleen op die verhoog. Verduidelik hoe die verhoogplasing/posisies van die karakters gedurende hulle gesprek sal verander sodat die gehoor hulle verskillende sienswyses van 'n verhouding sal verstaan. Jy mag in jou antwoord na reëlnommers verwys. (4)
**[15]**

**VRAAG 12**

Verwys na die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**



***Partly God*** **deur Jazzart Dance Company**

**BRON B**

'n Kruiwa word byvoorbeeld getransformeer van 'n arbeider se gereedskap na 'n sielkundige las. Dit word ook 'n stuk gereedskap om mee te martel … 'n slak se skuiling … 'n bad en 'n klein verhogie …

[Nic Shepard in 'n artikel oor *Partly God*]

12.1 Bespreek of die foto van die kunstenaars/dansers in BRON A tipies is van 'n bewegingsopvoering. (5)

12.2 BRON B beskryf die kruiwa as 'n 'arbeider se gereedskap, 'sielkundige las', 'stuk gereedskap om mee te martel', 'slak se skuiling', 'bad' en 'klein verhogie'.

12.2.1 Waarvoor, dink jy, word die kruiwa in BRON A gebruik? Motiveer jou antwoord. (4)

12.2.2 Beskryf die gevoel wat aan die gehoor oorgedra word en die impak op die gehoor wanneer hulle die kruiwa op die skouers van die kunstenaar in BRON A sien. (2)

12.2.3 Beskryf EEN ander manier waarop 'n kruiwa deur die kunstenaars in hierdie bewegingsopvoering gebruik kan word. (3)

12.2.4 Beskryf hoe jy 'n ongewone item (soos die kruiwa) effektief sal gebruik as deel van 'n fisiese-teater-/bewegingsopvoering wat deur 'n groep uitgevoer word. Verduidelik in jou antwoord watter ongewone item jy gekies het en hoe dit in 'n bewegingsopvoering gebruik kan word. (6)

12.3 **BRON C**

| |
|---|
| Dramatiese Kunste UGO vir VOO graad 12 sê: 'Leerders wat Dramatiese Kunste neem moet die finale program gebruik as 'n geleentheid om werk aan te bied wat die vaardighede weerspieël wat hulle oor drie jaar van ontwikkeling opgedoen het.' |

Beskryf TWEE belangrike vaardighede wat jy in Dramatiese Kunste oor die afgelope drie jaar ontwikkel het. Verduidelik hoe jy hierdie vaardighede ontwikkel en gebruik het. (10)
**[30]**

**VRAAG 13**

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae, dus ÓF VRAAG 13.1 ÓF VRAAG 13.2 ÓF VRAAG 13.3.

13.1 **LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

> Jy het drie dinge in die teater nodig – die toneelstuk, die akteurs en die gehoor, en elk moet iets gee.
>
> [Kenneth Hough]

Bespreek, in 'n paragraaf, die rol van die toneelstuk, die akteurs en die gehoor in 'n opvoering.

Jy mag in jou antwoord verwys na enige teaterpraktisyn wat jy bestudeer het. **[15]**

**OF**

13.2 **MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)**

> … jonger mense wat van MTV af kom of wat van advertensies af kom … het geen begrip van filmgrammatika nie. Daar is geen werklike begrip van hoe om 'n storie visueel te vertel nie.
>
> [Peter Bogdanovich]

Skryf 'n paragraaf waarin jy die filmtegnieke bespreek wat in advertensies en MTV gebruik word en hoe dit kontrasteer met meer tradisionele filmmaak-tegnieke.

Jy moet in jou antwoord verwys na filmteorie wat jy bestudeer het. **[15]**

**OF**

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

> Alhoewel rituele enige plek kan plaasvind, is die algemeenste plek daarvoor die gewyde plekke …
>
> [Dr. Peter Kasenene]

Skryf 'n paragraaf waarin jy die interaksie tussen mense en die geestelike wêreld (gode) bespreek.

Jy moet in jou antwoord verwys na waar, wanneer en hoe hierdie rituele plaasvind. Jy mag jou eie kulturele/godsdienstige voorbeelde gebruik om jou antwoord te ondersteun. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**


MPUMALANGA